23 Januarie 2022

FAMILIE TUISBLAD

Nehemia 8:1-10

Die Woord is ons riglyn

Ek wonder of jy al in vakansietyd kamer of huis reggepak het saam met jou gesin. Gewoonlik kom 'n mens af op 'n boks of krat vol dagboeke, sertifikate of foto's van toe julle almal jonger was. Dit is gewoonlik ook 'n lekker tyd vir stories vertel oor julle gesinslede toe hulle jonger was. Sommige van die herinneringe kan baie snaaks of interessant wees. Ander is dalk hartseer, maar dit is gewoonlik baie lekker om na al die ou stories te luister wat julle al vergeet het.

Vandag se Bybelteks vertel die verhaal van God se volk, die Israeliete, toe hulle uit ballingskap teruggekeer het na Jerusalem. Die Israeliete het al hierdie stories in die wet van God se sorg en sy liefde vergeet, maar nou hoor hulle dit asof vir die eerste keer en die verhale het hulle asems weggeslaan en die riglyne het hulle diep geraak, veral omdat hulle nie net daarvan vergeet het nie, maar omdat hulle nie meer daarvolgens gelewe het nie.

Lees: Nehemia 8:1-10 (of tot vers 13) Esra lees die wet voor

Gesels:

- Verbeel jou dat jy ook daar tussen al die mense was wat na God se stories en riglyne geluister het. Wat sou jy gevoel het?
- Waarom dink julle het die volk gehuil toe hulle na al hierdie stories en riglyne in die wet (die Woord) luister?
- Hoekom is dit vir jou belangrik om die Bybel te lees?

Bid: Bid saam en vra die Here om julle te help om vas te hou aan sy Woord hierdie jaar. Hoe kan julle dit prakties doen?

Doen: Kyk na die video of luister na die liedjie: "Die Woord van God" deur Soekie en die Radikids: https://www.youtube.com/watch?v=gLLftFh7LIw
of na "Op U Woord" van Onbeskaamd: https://www.youtube.com/watch?v=_wCTKqbUJg0

Luister hierdie week na nog oordenkings oor **die verhale van Nehemia en Esra** op die **DinkJeug Familie App**.

Laai die app gratis hier af:

Google Play: https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en
Apple iStore: https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za